# DIE WEDERVARINGS VAN 'N OUD-ONDERWYSER TYDENS DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG, 1899-1902 — II

*Omsingeling van Ladysmith*

Terdeë bewus van die ontsagwekkende oormag wat die Britse bevelvoerder in Ladysmith tot sy beskikking het, kon ons, wat nou vir die eerste keer met die naakte werklikheid van oorlogsvoering kennis maak, sonder skroom verklaar dat by tye 'n diepgevoelde angs, ons in die beginstadium van die beleg so af en toe in 'n wurggreep vasgevat het. Vanwaar ons in die reeks rante in een van die voorste rye van die gevegslinie posisie ingeneem het, was die afstand na die buitewyke van die beleërde dorp, waar die vyand met dodelike wapens in die hand agter verskanste posisies verskuil gelê het, in die verbeelding van sommige, 'n myl of wat korter as wat dit in werklikheid was. 'n Aanstormende vyand met 'n gevelde bajonet, is 'n beeld wat hom alte maklik in 'n vreesbevange hart opgedring het.

Behalwe ligte skermutselings tussen die gewapende afdelings van die teenoormekaarliggende stellings, of wanneer patrollies op 'n vyandelike mag afgekom het, het die botsing in die daaropvolgende weke hoofsaaklik net uit 'n volgehoue bombardement op die versterkte posisies van die beleëraars bestaan. Die kanonnade van ons *Long Tom* en ander geskut het die batterystellings en posisies van die vyand natuurlik ook herhaaldelik wakkergeskud. Terselfdertyd moes sekere dele van die dorp wat beskutting aan die Engelse troepemag verleen het en binne trefafstand van die *Long Tom* was, ook dikwels die teistering van neerstortende bomme verduur.

Die omknellende greep van 'n nousluitende mag wat met 'n menigte ontberings, siekte en 'n daaglikse aantal sterfgevalle gepaard gegaan het, was 'n ervaring wat die inwoners van Ladysmith in die gesig gestaar het. Ten spyte egter van alles wat plaasgevind het, kon dit nie dien as 'n genoegsame aansporing vir die Britse bevelvoerder in Ladysmith, om in een oorweldigende stormloop die Boeremag om hom heen te pletter te loop nie.

Die onuitwisbare gesig van gevegsterreine, oordek met dooies en gewondes wat tot kort gelede nog deel van sy leërmag uitgemaak het, het moontlik ook gedien om genl. White tot nadenke te stem aangaande die gevegsvermoë van die vyand teen wie hy te staan gekom het. Moontlik vandaar sy besluit om die Boer onder die bestaande omstandighede, so min as moontlik te molesteer. Die Boer het as krygsman vrees en ontsag ingeboesem. Vanweë die tot dusver behaalde oorwinnings en die geloof in die krygskuns van hul offisiere, het daar tot 'n sekere mate 'n meerderwaardigheidsgevoel en 'n oormaat van selfvertroue by die Boere ontstaan. Om brandwag te staan, was nie meer die onheilspellende skrikbeeld wat dit vroeër was nie.

Hoewel genl. White nie meer sy hoofmag in 'n grootskaalse aanval teen die Boerestellings wou waag nie, het hy tog so af en toe van kleiner leërafdelings gebruik gemaak om verrassingsaanvalle te loods. Sulke

aanvalle het die burgers sonder enige noemenswaardige kragsinspanning, gereeld afgeslaan. In een van hierdie aanvalle het die vyand, op 'n waaghalsige wyse, in Desember drie Boerekanonne beskadig.

Ná die verskuiwing van die Johannesburgse kommando na die Tugelarivier, het daar 'n ernstige botsing tussen die Boere en Engelse magte wat Ladysmith beleër het, plaasgevind. Op 6 Januarie 1900 het 'n Boeremag 'n poging aangewend om die dorp te verower. Met hierdie doel voor oë is die waagstuk onderneem om Platrand, 'n sterk posisie van die vyand, stormenderhand in te neem. Op drie punte is hierdie aanval met sukses bekroon en moes die vyand hul skanse vir ongeveer tien uur ontruim. Alleen deur die eerlose optrede aan die kant van die vyand, het hierdie heldhaftige onderneming op 'n mislukking uitgeloop.

Reeds voor die aanval op Platrand, het die Britse genl., sir George White, en kommandant-generaal Piet Joubert ooreengekom dat op 'n geskikte plek buitekant Ladysmith, 'n *neutrale* kamp vir die huisvesting van siekes en gewondes opgerig kan word. Dit spreek vanself dat dit die bedoeling was dat so 'n kamp 'n bepaalde gebied sou wees, waarvan die inwoners hulle hul geheel van enige oorlogsbedrywighede sou onthou.

Vanuit die voorgewende *neutrale* kamp was dit egter moontlik om met behulp van verkykers op hoogte van militêre bedrywighede aan Boerekant te bly. Op hierdie wyse kon daar dus waardevolle inligting oor die moontlike planne van die Boere ingewin word. Onbewus van hierdie moontlikheid het die Boere-offisiere die burgers in 'n stormloop teen die hange van Platrand aangevoer.

Reeds op 4 Januarie was die Britse offisiere, belas met die verdediging van Platrand, op hoogte gestel met die beoogde Boere-aanval en kon die verdedigers deeglike voorsorgmaatreëls tref. 'n Goed toegeruste troepemag en 'n groot aantal kanonne is in gereedheid gebring. Veral waardevol was die inligting aangaande die hoogswaarskynlike tydstip waarop die voorgenome aanval beplan was.

Wat 'n lokval om in te beland! In aanmerking geneem die voortreflike posisie waarin elke afsonderlike eenheid van die Britse mag geplaas was, die haglike toestand van 'n voortbeurende burger met net die mauser om op staat te maak en blootgestel aan kleingeweervuur en grofgeskut, verbaas dit 'n mens dat die Boere nog daarin kon slaag om 'n deel van die vesting te verower en om vandaar af die aanval vir nog tien uur vol te hou.

Oortuig van die feit dat die oormag in die verdediging van Platrand die verowering daarvan 'n onmoontlikheid maak, gelas die bevelvoerende offisier sy burgers om die verowerde posisies te ontruim en terug te val. Aan die kant van die Boere was daar 55 gesneuweldes en 135 gewondes. Die verlies aan Engelse kant was 149 gesneuwel en 275 gewond..

Die verhaal van die ramp wat 'n Boeremag in die bestorming van Platrand getref het, laat 'n mens onwillekeurig terugdink aan 'n soortgelyke gebeurtenis wat die vyand by 'n ander geleentheid in 'n uiters

voordelige posisie geplaas het om na hartelus 'n bloedige slagting onder die geledere van 'n Boeremag te bewerkstellig. Deur 'n tydige ontdekking, is die ramp egter voorkom.

Saam met ander kommando-afdelings, het die Johannesburgse kommando bevel ontvang om sekere vyandelike posisies op 'n rant, binne die grense van die beleërde Ladysmith, vroeg in die môre in 'n stormloop te verower. Voorafgegaan deur hul offisiere, het die verskeie afdelings van die Boeremag kort voor dagbreek op die aangewese punte, vanwaar die stormloop beplan was en in sig van die rant waar die vyand agter skanse posisie ingeneem het, aangekom. Na ontvangs van 'n bevel, moes ons met gelaaide gewere wegspring en al skietende, so vinnig moontlik, na die bepaalde doelwit beweeg.

Met 'n klemmende gevoel in die hart, het ons die bevel afgewag. Behalwe vir 'n sagte gefluister wat af en toe gehoor is, het 'n doodse stilte onder ons geheers. Geleidelik het die skemerdonker van dagbreek, in helder daglig verander en nie lang daarna nie het die strale van 'n opkomende son, die koms van die dag aangekondig, sonder dat 'n enkele woord deur die verantwoordelike offisiere oor die verwagte stormloop gerep is.

Verbaas oor die geheimsinnige houding van ons offisiere kon ons aan geen rede vir die vertraging van die voorgenome stormloop dink nie. Na verloop van 'n kort tydjie moes ons egter gehoor gee aan die bevel om terug te keer na die afsaalplek en om vandaar weer terug te keer na die verskillende laers. Eers later het ons verneem dat verraad, gepleeg deur 'n jongman uit ons midde, die aflassing van die stormloop veroorsaak het. Deurdat die vyand vroegtydig op hoogte gebring is van hierdie beoogde maneuwer, kon daar voorsorgmaatreëls getref word, ten einde die aanslag af te weer.

Later het die krygsraad 'n diepgaande ondersoek na die hele aangeleentheid ingestel. Wat die bevinding was, kon die burgers van die Van der Byl-veldkornetskap nie vasstel nie. Wat wel bekend was, was die feit dat die betrokke man, 'n paar dae na die krygsraadsitting, na Transvaal geneem is.

'n Feit wat nie verswyg mag word nie, is nl. dat sommige van die Boere-offisiere aan die begin van die oorlog 'n aansienlike mate van laksheid geopenbaar het in soverre dit die toepassing van tugmaatreëls betref het. Die gewoonte van sommige Boere om onbelemmerd voort te gaan met die beoefening van hul bedryf op die boereplase, het ook op kommando, in verskeie opsigte nadelige gevolge gehad. Deurdat ondergeskikte offisiere soms bevele verontagsaam het, het dit daartoe gelei dat goedbeplande krygsondernemings op 'n algehele mislukking uitgeloop het. Waar ongerymdhede soms oor die hoof gesien en ongestraf gelaat is, het dit tot gevolg gehad dat sodanige misstappe weer plaasgevind het.

Oorwinnings behaal op talle slagvelde, lewer genoegsame bewys van die feit dat die Boer 'n krygsman was teen wie alleen die dapperes,

wat die nodige liggaamlike en geestelike eienskappe besit het, kon optrek. Was die Boer, tesame met sy seldsame bekwaamheid as krygsman, vanaf die aanvang van die oorlog ook onderworpe gewees aan strawwe dissiplinêre tugmaatreëls, kon die uitslag van die Tweede Vryheidsoorlog miskien in die voordeel van die Boerevolk besleg gewees het.

*Gevegte aan die oewers van die Tugelarivier*

Suid van Colenso was in tentkampe 'n Engelse leërmag saamgetrek, wat teen 30 November 1899 'n getalsterkte van 23,000 manskappe bereik het. In besit van bevele om met hierdie troepemag Ladysmith te ontset, het genl. sir Redvers Buller, opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika, gedurende die eerste week van November, in Kaapstad voet aan wal gesit. Ten spyte hiervan moes met die beleëring van die Britse mag in Ladysmith egter volhard word. Om die Boeremag te Ladysmith teen die bedreiging vanuit die Suide te versterk en te rugsteun, is 'n mag afgesonder om stelling aan die oewers van die Tugelarivier, reg teenoor die Engelse leër, in te neem. Ook die Johannesburgse kommando moes Ladysmith verlaat en stelling gaan inneem aan die linkeroewer van die Tugela.

Geplaas op die roete wat die vyand na Ladysmith sou volg, moes die Boere-kommando's beskikbare middele beplan en pogings aanwend om die verwagte aanval die hoof te bied. Die burgers is daarom vir 'n geruime tyd hard besig gehou aan noodsaaklike werke met die oog op versterking en besette posisies. Skanse is gebou, loopgrawe gegrawe en stellings vir die grofgeskut op geskikte punte voorberei.

Vanaf so 'n kanonstelling in 'n rantereeks, het 'n mens in die verte 'n oorsig gekry van die geweldige grootte en uitgestrektheid van die lang rye wit tente waarin die Engelse leër skuiling gevind het. So 'n betragting van die veldtuiste waar jou vyand, saam met die afgerigte leërmagte, al die wapentuig, spesiaal van oorsee af ingevoer met die doel om jou en jou medeburgers mee te vermorsel, gehuisves is, het in die hart van enige burger 'n verlammende gevoel van onrus en magteloosheid laat posvat. In vergelyking met die sigbare sterkte van die massas wat voorbereidsels tref om teen ons op te ruk, het die Boeremag, met net 'n paar kanonne om dekking en steun te verleen, so nietig en niksbeduidend voorgekom. Maar, 'n reuse oorwig, sowel in manskappe as in wapentuig, in lewensmiddele en algemene toerusting, met veldhere van die hoogste rang, wat in ander dele van die wêreld groot roem verwerf het, was nie by magte om die Boer 'n verpletterende nekslag toe te dien nie.

Vanwaar die Johannesburgse kommando, wes van Colenso, in 'n nek naby 'n punt waar die rante en die rivier 'n elmboog vorm, vir 'n kort tydjie stelling ingeneem het, moes ons op 14 Desember laer opbreek met die opdrag om na Colenso te beweeg. Dit was die begin van 'n spannende tyd vir die 5,000 burgers onder bevel van genl. Louis Botha. Voorposverkenners het ontdek dat 'n Britse mag, bestaande uit infanterie, kavallerie

en 'n oormag van grofgeskut, skynbaar slaggereed staan om met hul voorgenome opmars teen die Boerestellings, 'n aanvang te neem.

Voorbedag en langsaam, met die bevel om geen stof te maak nie en paarsgewyse in 'n lang ry, het die kommando, met Ben Viljoen op die voorpunt, in die nag van 14-15 Desember daarin geslaag om in skemerdonker op 'n rant stelling in te neem. Aan die oorkant van die Tugela, het Colenso in dynsigheid gehul gelê. So het ons dan 'n deel uitgemaak van vermelde Boeremag, gewapend met ses kanonne, om die dreigende deurbraak van die Britse magte te weerstaan en af te slaan. Te laat aangekom om nog in voorbereide skanse of loopgrawe geplaas te word, moes die Johannesburgse kommando met sy aankoms op die gevegsterrein, in die agterste deel van die Boere-linies, taamlik verspreid, met slegs klippe om skuiling te bied, posisie inneem.

Vanaf sy voorste kanonstellings in die omgewing van Colenso, het die vyand vroeg die môre van 15 Desember 1899, sy aanval teen die Boere ingelei met die afskiet van granaatkartets- en liddietbomme.

Gehoorsaam aan die opdrag om deur geen beweging of ander sig- of hoorbare teken, hul aanwesigheid daar te verraai nie, het die burgers daarin geslaag om die misleidende indruk te skep dat hulle hul gevegslinie ontruim het. Aan die voet en teen die hange van die rante het die burgers, ten volle bewus van die lewensgevaar waarin hulle verkeer, die aanrukkende vyand in doodse stilte ingewag. Die oorverdowende gebulder van kanonne en die neerstortende bomme, kon geen lewe opwek of te voorskyn bring nie. Heeltemal onkundig aangaande die krygskuns van die Boere-offisier, kom genl. Redvers Buller tot die oorhaastige gevolgtrekking dat die Boere, as gevolg van sy oorweldigende oormag, dit raadsaam gevind het om betyds die aftog te blaas.

Onbekommerd en met die geweer oor die skouer, kom die Britse leërmag aangemarsjeer. Soos veterane gehard in talle veldslae, aanskou die kanonniers van ses vuurmonde en 5,000 burgers hoe die afstand tussen hulle en die aanrukkende vyand geleidelik kleiner word. Fluisterend word bevele herhaal en benadruk, maar origens heers daar 'n doodse stilte. Geleidelik kom daar egter 'n verandering in die houding van die neergebukte burgers, want die voorste eenhede van die aanrukkende leërmag nader die gebied wat binne trefafstand geleë was. 'n Kanon word afgevuur en 'n voltreffer tref die dig teenmekaar, niksvermoedende troepemag. Die stryd het ontbrand.

Afkomstig uit 'n buurt wat tot kort gelede nog so onskuldig en vredevol voorgekom het, skep sekuurgerigte kleingeweervuur en ontploffende bomme in 'n ommesientjie 'n chaotiese toestand, só verbysterend, dat die slagoffers geen tyd gegun was om te besef vanwaar die doodtreffers kom nie. Nog steeds grotendeels onsigbaar in hul verskanste posisies, kon die burgers die afmaaiproses tot aan die grens van trefbaarheid volhou. Binne enkele oomblikke is die voetvolk uit 'n toestand van roekelose onverskilligheid, in een van onbeskryflike verwarring geplaas. 'n Koerslose gemaal waarin

alle bevele verontagsaam word, ontstaan — en toe slaan die oorgeblewe, paniekbevange troepemag blindelings rigting in op soek na veiligheid.

Volgens gegewens deur die Engelse verstrek, het hul verliese aan dooies, gewondes en gevangenes, op 1,147 te staan gekom. Deur bevoegde persone word hierdie getal as gans te laag beskou. Aan Boerekant het die verliese te staan gekom op ses gedood en 27 gewond. Terselfdertyd het die Boere daarin geslaag om tien waardevolle groot Armstrong-kanonne en 'n groot hoeveelheid ammunisie buite te maak.

Die posisies in die hande van die Boere-kommando's het gestrek vanaf Hlangwanikop, vier myl oos van Fort Wylie, verby Fort Wylie in 'n westelike rigting, tot omtrent drie myl wes van 'n wabrug na-aan Colenso. Aangesien die vyandelike aanvalle hoofsaaklik teen Hlangwanikop, Fort Wylie en 'n drif naby die genoemde wabrug gerig was, kon burgereenhede, insluitende die Johannesburgse kommando, van wie die posisies nie binne skietafstand van die aanvalspunte geleë was nie, nie daadwerklik aan die gevegte deelneem nie. Met die oog op onvoorsiene gebeurlikhede, was dit 'n kommando nie toegelaat om sy aangewese stelling te verlaat nie.

Om sy gesneuweldes, wat wyd en syd oor die slagveld verspreid gelê het, te kan begrawe, is aan die Engelse bevelhebber, 'n wapenstilstand van enkele dae toegestaan. Toegelaat om ongewapend die slagveld te betree, het 'n afdeling Engelse soldate vanaf die volgende môre (16 Desember), diep grafte begin grawe. Deur manskappe op draagbare aangedra, is die lyke toe een na die ander in die grafte afgewerp. Om die lyk van 'n gewone soldaat langsaam en met verdrag neer te laat, sou, in so 'n geval, moontlik te veel tyd in beslag geneem het. In 'n enkele graf is daar dan ook soms meer as een gesneuwelde saam begrawe.

Met die werklike lokaliteit van die posisies van die Boere bekend, het die vyand, na beëindiging van die wapenstilstand, in 'n hervatte bombardement op ons posisies losgebrand. Skynbaar met die doel om 'n gevreesde teenaanval van die Boere vroegtydig te smoor, is hierdie kanonnade nie deur 'n stormlop opgevolg nie. Tydens die bombardement het ek en 'n paar ander skuiling gevind in 'n kafferhut wat byna volgepak was met sakke graan. 'n Soortgelyke veilige beskutting het ek nêrens weer aangetref nie.

Ons oorwinning was glorieryk, maar mense wat bevoeg is om 'n oordeel uit te spreek, is van mening dat die bevelhebber van die Boere-magte, veel groter sukses in die veldslag van Colenso kon behaal het, indien hy meer gebruik gemaak het van die paniekbevange toestand en die verwarring wat onder die Engelse leërmagte geheers het. Waar genl. Botha die grootste deel van sy burgers weerhou het om hul posisies te verlaat, moes hy, so word geredeneer, die gulde geleentheid benut het om met die ongeskonde burgermag waaroor hy beskik het, dadelik tot 'n aanval oor te gaan.

C. J. Blom.